

# DISSIPELSKAP. SUPPLEMENT 11

## [DISSIPELSKAP]

### VOORDELE VAN PRAKTIESE METODES BY DIE MAAK VAN DISSIPELS

Hierdie dissipelskap kursus leer 'n Christen 'n aantal praktiese metodes vir die christelike lewe. Wat is die nut van 'n bepaalde metode?

#### 1. Die voordele van aanbidding.

Leer die God van die Bybel ken.

Om God te aanbid, moet 'n mens eers weet wie God is. Tydens elke les word nagedink oor één kenmerk van die God wat Homself in die Bybel openbaar. So kan elke mens Hom leer ken. Mense kom uit verskillende godsdienstige agtergronde en daarom met totaal verskillende denkbeelde oor wie "God" is. Hul denkbeelde oor God verskil baie van wat God Self oor Homself en Jesus Christus in die Bybel openbaar. Die kenmerke (eienskappe, attribute) van God is byvoorbeeld die volgende: God is ondeurgrondelik, God is groot en magtig, God is heilig, God is regverdig, God is liefde, God is barmhartig en God is trou.

Leer wat aanbidding is.

Aanbidding is veel meer as alleen maar lofliedere of geestelike liedere sing. Aanbidding is 'n houding van ontsag, bewondering, oorgawe en toewyding in die vorm van verkillende vorms van gebed en veral in die manier hoe 'n mens lewe (styl van lewe).

Daar is 'n groot verskeidenheid aan inhoud. deurdat 'n dissipelskap groep elke keer nadink oor één kenmerk van God, is elke byeenkoms anders, aantreklike en leersaam. 'n Mens leer die God van die Bybel steeds beter ken.

Daar is ook 'n verskeidenheid van metodes van aanbidding. Deurdat 'n dissipelskap groep soms in stilte aanbid en ander kere met woorde, liedere en musiek aanbid, is elke byeenkoms anders en opbouend. Aanbidding kan byvoorbeeld uitgedruk word in die volgende vorme: in stilte sonde te bely, besluit om met sonde te breek, jou te bekeer tot God, jou gedagtes of gedrag te verander, jou opnuut aan God toe te wy, op 'n ander manier te gaan lewe of op 'n ander manier God te dien.

#### 2. Die voordele van stiltetyd hou d.m.v. die gunsteling waarheid of gunsteling Bybelversmetode

"Stiltetyd hou" is 'n christelike dissipline wat elke Christen eintlik sou moet leer en gereeld sou moet oefen. Die gunsteling waarheid of gunsteling Bybelversmetode vir stiltetyd leer 'n mens die volgende gewoontes aan: om stiltetyd te begin met 'n gebed voordat jy die Bybel lees, elke dag jou Bybel te lees, te konsentreer op één Bybelvers of één waarheid daarin, goed na te dink oor daardie Bybelvers of waarheid en so die Bybel steeds beter te leer ken, voorbede te doen vir ander mense en wat jy geleer het met ander mense te deel.

Stap 1. Bid.

'n Mens leer om sy hart oop te maak om God te ontmoet. Jy bid doelgerig en bewus dat jy nou in die teenwoordigheid van kom staan. Jy leer om kort te bid, byvoorbeeld met die woorde, "Maak my oë oop dat ek die kragtige werking van u Woord ervaar" (Psalm 119:18)

Stap 2. Lees 'n gedeelte uit die Bybel.

'n Mens leer om sy Bybel gereeld te lees. Regte christelike meditasie gebruik die Bybel (God se openbaring) as uitgangspunt en bestaan uit baie meer as alleen maar oor jouself na te dink of oor 'n mooi gedig van iemand anders na te dink. Jy vra God om met jou persoonlik te praat terwyl jy die Bybel lees en vra Hom om die woorde in die Bybel aan jou goed te verduidelik. Lees dus die Bybel met verwagting dat God iets persoonlik aan jou wil sê.

Stap 3. Kies 'n gunsteling Bybelvers of 'n gunsteling waarheid uit die Bybelgedeelte.

'n Mens leer om homself te beperk deur 'n keuse te maak. Om oor die Bybel na te dink of te bestudeer het twee verskillende doele: Die eerste doel van Bybellees of Bybelstudie is om goed te verstaan, nie alleen wat God sê nie, maar ook wat die bedoeling van God se woorde is. Die tweede doel van Bybellees of Bybelstudie is om wat God sê prakties te maak in jou lewe. Hierdeur bou jy 'n persoonlike verhouding op met God en leer jy om elke dag met God te lewe. Daarom beperk jy jou tot één Bybelvers of één waarheid in die Bybel. So oefen jy jou wil om 'n keuse of besluit te maak op die gebied van geestelike sake. Jy oefen jouself om op één belangrike saak te konsentreer en nie afgelei te word deur alles wat jy interessant vind nie. 'n Mens kan goed stiltetyd hou in 15 minute. Bybelstudie vat baie meer tyd.

Stap 4. Dink na oor jou gunsteling Bybelvers of gunsteling waarheid.

'n Mens leer om goed na te dink oor wat God in die Bybel sê. Die eerste doel van Bybelmeditasie is om 'n goeie insig te kry in wat God bedoel om te sê. Die tweede doel van Bybelmeditasie is om na te dink oor wat God spesifiek aan jou persoonlik sê. Wat wil God met hierdie waarheid in my lewe bereik? Christelike meditasie bestaan uit vier dele:

- nadink oor die woorde en waarhede in jou gunsteling Bybelvers of gunsteling waarheid
- saggies bid oor wat God bedoel om aan mense te sê en wat mense daarmee moet gaan doen

- die waarheid in verband bring met jou persoonlike lewe
- jou gevolgtrekkinge in woorde te formuleer en in jou notisieboekie op te teken

Stap 5. Bid jou gunsteling Bybelvers of gunsteling waarheid.

- Jou gebed word 'n dialoog in plaas van 'n monoloog. Jy reageer op wat God aan jou sê in die Bybel.
- Jy leer om spesifieke dinge te bid – vir bepaalde mense en vir bepaalde sake/gebeurtenisse.
- Jy leer nie alleen om vir jouself te bid nie, maar ook om vir ander mense te bid: vir 'n familielid, vir iemand wat naby woon (in jou buurt, kerk of werk) en vir iemand wat vêr weg woon (in 'n ander stad of land).

### 3. Die voordele van deel van stiltetye met mekaar.

Wanneer twee mense of 'n klein groepie mense elke week dieselfde Bybelgedeelte lees, daaruit stiltetyd hou en dan met mekaar deel (of bespreek wat julle geleer het), dan help julle mekaar om te groei! 'n geweldige stimulans vir stiltetyd is dat 'n mens met ander deel wat jy leer.

Deur die deel/vertel van stiltetye 'n onderdeel te maak van jou dissipelskap groep of Bybelstudiegroep, spoor julle mense aan tot liefde in julle verhoudings en tot goeie werke in julle aktiwiteite (Hebreërs 10:24-25).

Deur julle stiltetye met mekaar te deel doen julle wat Matteus 28:19-20 beveel, naamlik ander mense leer om die bevel van Christus te gehoorsaam. En doen julle wat Kolossense 3:16 beveel, naamlik die woorde van Christus in sy volle rykdom in julle laat woon sodat julle die woorde van Christus aan mekaar kan onderrig en kan inprent in mekaar se denke. Sonder dat hulle dit miskien besef, word Christene op hierdie manier toegerus om die woorde van Christus aan ander mense te verkondig en te onderwys. Hierdie twee Bybelverse is 'n vereiste om 'n leier te word van 'n dissipelskap groep of 'n leier (ouderling) te word in die gemeente (1 Timoteüs 3:2c).

### 4. Die voordele van doelgerigte Bybelonderrig.

Die doel van die onderrig van die studies (onderwerpe) is om die belangrikste kenmerke van 'n dissipel met mekaar te ontdek en te verstaan. Die onderwerpe is die volgende: die verhouding met Christus, die Woord van God, gebed, omgang (gemeenskap) met ander Christene, omgang met nie-Christene (getuig) en praktiese gehoorsaamheid. Elke les het één studie waarby die groepsleier die deelnemers soveel as moontlik betrek 'n studie één studie waarby die groepsleier die deelnemers soveel as moontlik betrek.

### 5. Die voordele van die vyf stappe metode vir Bybelstudie.

Die doel van die vyf stappe metode vir Bybelstudie is om elkeen in die dissipelskap groep aktief te betrek in die bestudering van die Bybel! As die groep dit nie doen nie, dan is die groepsleier geneig om die interaktiewe Bybelstudie te verander in 'n monoloog Bybelonderrig. Of een of twee deelnemers wat maar te graag gehoor wil word, doen al die praatwerk en gee ander deelnemers nie 'n kans om ook aan die bespreking deel te neem nie.

Stap 1. Lees.

Julle leer om die Bybelgedeelte saam te lees. Die deelnemers neem beurt in die kring om elkeen net één Bybelvers voor te lees totdat die hele Bybelgedeelte gelees is. So word die ys gebreek en het elkeen al minstens één keer sy mond oopgemaak. Die doel is dat elkeen vanaf die begin deelneem aan die dissipelskap kring. Die doel van Bybelles is om eers te luister wat God sê voordat mense met hulle gedagtes aan die woord kom. Maar omdat die doel nie alleen bybelles is nie, maar bybelstudie, is die volgende vier stappe noodsaaklik.

Stap 2. Ontdek.

Julle leer om julle eers te rig op wat julle al verstaan voordat julle begin praat oor julle vrae oor wat julle nog nie verstaan nie. Die deelnemers vertel/deel welke waarheid in die Bybelgedeelte hul denke of hulle hart raak. Die Bybelstudie sou gekenmerk moet wees deur 'n sfeer van verrassende en vreugdevolle ontdekkings oor wat God sê. Dit moet seker nie gekenmerk word deur 'n negatiewe sfeer van probleme, onbeantwoorde vrae en moeilike argumente! Daarom moet word stap 2 (die ontdek van dinge wat julle al verstaan) vóór stap 3 (die soek na antwoorde op julle vrae) plaasvind.

Stap 3. Vraag.

Julle leer om die Bybel op die juiste manier uit te lê. die Bybel bestaan nie uit 'n versameling van menslike denkbeelde nie, maar bestaan uit die gedagtes van God, sy geopenbaarde wil vir mense (Jesaja 55:8-9). Natuurlik staan daar dinge in die Bybel wat moeilik is om te verstaan (2 Petrus 3:16). Daarom wil die Heilige Gees aan mense leer wat Hy in elke Bybelvers bedoel te sê. Verkeersreëls help mense om geen ongelukke op die pad te veroorsaak nie. So help reëls om die Bybel uit te lê (hermeneutiese reëls) ons om nie in valse leerstellings te verval nie. Bestudeer handleiding 3, les 29 oor "Die reëls om die Bybel korrek uit te lê." Die Bybel is self die beste kommentaar van die Bybel! Verklaar 'n bepaalde Bybelgedeelte altyd in die lig van die hele Bybel. "Die heilsplan van God in sy volle omvang" (Handelinge 20:27) is 'n samehangende eenheid sonder teenstrydighede. Verklaar die Ou Testament altyd in die lig van die Nuwe Testament. Die groepsleier kan die deelnemers help om 'n bepaalde vraag te beantwoord deur na ander Bybelgedeeltes te verwys.

Die groepsleier hoef nie vrae uit te dink vir die Bybelbespreking nie! Hy gee elke deelnemer 'n kans om minstens één vraag uit die Bybelgedeelte te stel. Op hierdie manier is al die vrae relevant en kry mense regtig antwoorde op hul vrae.

#### Stap 4. Doen.

Julle leer om die waarhede in die Bybel toe te pas (te gehoorsaam) (Matteus 7:24-27). Maak eers 'n kort lysie van moontlike toepassings uit die Bybelgedeelte wat julle bestudeer. Gee daarna aan die groepslede 'n kans om vir hulleself 'n persoonlike toepassing te maak, bv. deur één van die moontlike toepassings uit te kies. Vra aan God wat Hy wil dat jy moet weet, moet glo, moet wees of moet doen. Jy mag jou persoonlike toepassing met ander mense deel, maar niemand moet verplig word om sy persoonlike toepassing te deel nie.

#### Stap 5. Bid.

Julle leer om te reageer op die woorde van God wat julle bestudeer het. Sluit die Bybelstudie af deur met mekaar te bid en in julle gebede te reageer op wat God teen elkeen gesê het. So hoort Bybelstudie en gebed altyd bymekaar. Dit is die kern van regte kommunikasie, naamlik, dat God met jou praat en dat jy reageer en antwoord gee in jou gebed.

#### 6. Die voordele van meditasie en memorisering.

Julle leer om die woorde van God te oordink en dan uit jou kop te leer. Julle leer om eers 'n Bybelvers goed te verstaan voordat julle dit memoriseer. Deur Bybelverse uit jou kop te leer, berg julle 'n heel aantal Bybelverse in die stoorkamer van julle hart. Die gememoriseerde Bybelverse stel julle in staat om nie teen God te sondig nie (Psalm 119:9-11), omdat die Heilige Gees 'n mens herinner aan die woorde van God. Dit help 'n mens om die beloftes van God in die Bybel te vertrou, om te bid in ooreenstemming met die wil van God, om mense se vrae te beantwoord met die woorde van God en om die woorde van God aan ander mense te onderrig. In hierdie dissipelenskap kursus leer 'n mens om 10 belangrike Bybelverse uit jou kop te leer in elkeen van die handleidings.

#### 7. Die voordele van gebed as 'n reaksie op die woorde van God.

Julle leer om elke keer te reageer op die woorde van God in aanbidding, in die deel van stiltetye, in die onderrig en in die Bybelstudie. Sluit die dissipelenskap groep af deur met mekaar te bid en te reageer op God in daardie les vir jou geleer het. op hierdie manier hoort Woord en gebed altyd saam te gaan in die christenlewe.

#### 8. Die voordele van 'n opdrag uit te voer tussen groepsbyeenkomste.

Julle leer om die toerusting wat julle op die groep ontvang het tuis voort te sit. Julle leer tuis om elke dag stiltetyd te hou, elke dag julle gememoriseerde Bybelverse te herhaal en julle aantekeninge oor dissipelenskap by te hou. Sommige dissipelenskap groepe pak ook saam 'n uitdaging aan in hulle gemeenskap: bv. asielsoekers help om 'n nuwe taal te leer, kinders in 'n agterstandswyk besig hou met gesonde aktiwiteite, sport organiseer met jeug wat êrens rondhang omdat hulle niks te doen het nie, plastiek en ander vullis in julle wyk te versamel en so skoon te hou of selfs 'n speelplek vir kinders aan te lê, ens. ens.